Article: Tameletjie Met Vakkeuses - Links, regs agtertoe of vorentoe?

Date: 12th May 2013

URL: http://www.beeld.com/bylae/2013-05-12-links-regs-agtertoe-of-vorentoe

---

TAMELETJIE MET VAKKEUSES

Links, regs agtertoe of vorentoe?

f deel 5 twiet 0

Sondag 12 Mei 2013

Dis daardie tyd van die jaar wanneer gr. 9's vakke moet kies. Vakkeuses is egter nie maklik nie, veral as jy nog nie seker is wat jy ná skool met jou lewe wil doen nie. Liandri Pretorius het gaan uitvind wat jy moet weet om voor te berei vir jou droomloopbaan.

Watter vakke moet ek kies?

Voordat jy in gr. 9 besluit watter keusevakke jy van gr. 10 tot 12 wil neem, is daar 'n paar dinge waaroor jy eers moet nadink, sê Zakiyya Essa van The Career Guidance Company. Dit klink dalk na huiswerk, maar jy sal eers ten minste 'n algemene idee moet hê oor die beroep waarin jy belangstel.

"Voordat jy 'n kar koop, doen jy eers navorsing oor die model en die kostes en dan toetsbestuur jy hom," sê Essa. " 'n Beroepskeuse vereis ook dat jy navorsing doen en die opsies beproef."

Doen 'n bietjie leeswerk oor die beroepe wat jou nuuskierigheid prikkel en shadow dan in die skoolvakansie iemand in daardie beroep.

Jy sal moet uitvind watter vakke vereis word om toelating te kry tot sekere studierigtings op universiteit, asook wat die slaagvereistes is. Jy sal byvoorbeeld in gedagte moet hou dat vakke soos wiskunde vir jou meer opsies bied teenoor wiskundige geletterdheid.

Dit is net so belangrik om vakkeuses te maak wat ooreenstem met jou vermoëns, persoonlikheid en belangstellings.

"Leerders kies dikwels vakke bo hul vermoë en sukkel dan so daarmee dat hulle soms heeltemal opgee," sê Iolanthe Grobler, 'n onderwyser.

'n Aanlegtoets kan jou, volgens Essa, iets wysmaak en jou help om beroepe te identifiseer wat ooreenstem met jou sterkpunte.

Grobler sê dit is 'n goeie idee om by 'n voorligtingsielkundige aan te klop, of te hoor watter toetse die onderwysdepartement bied.

Wees ook versigtig om jou in gr. 9 te beperk. "Kies vakke wat prakties toegepas kan word; moet dit nie net kies omdat dit interessant is nie," meen Essa.

Wenke:

- Gesels met die LOR-onderwyser by jou skool oor jou vak-opsies.
- Volgens Havemann-Serfontein is die belangrikste om op hoogte te wees van die vereistes van verskillende instansies. Let ook op watter vakke vereis word, teenoor watter vakke net aanbeveel word.
- Maak seker jy het meer as een plan van aksie. 'n Sekere aantal leerders moet 'n keusevak neem, maar as daar te min belangstelling is, word daardie vak nie aangebied nie.
- Woon opedae by universiteite by.

Universiteit nie vir jou nie?

Universiteit is nie vir almal nie. Daar is wel verskeie alternatiewe wat net soveel moontlikhede bied.

- **Technikon**: By instansies soos die Tshwane Universiteit van Tegnologie (TUT) kan jy opgelei word in rigtings wat meer praktiese ondervinding verg, van kuns tot ingenieurswese.
- **Kollege**: Boston City Campus en Business College is van die kolleges wat 'n verskeidenheid kwalifikasies bied. Jy kan 'n graad, diploma of kortkursus voltooi. As jy belangstel in administratiewe poste is dié opsie ideaal.
- **Leerderskappe**: 'n Leerderskap is daarop gemik om studente van praktiese opleiding te voorsien terwyl hulle studeer, of dit kan ook werk vir iemand wat werkloos is. Dit kan tot 18?maande duur en in hierdie tyd verdien jy 'n basiese salaris.
- **Afstandonderrig**: Instansies soos Unisa, Intec, Damelin en CollegeSA bied jou die opsie om te studeer terwyl jy werk. Die toelatingsvereistes is by sommige van hierdie instansies minder streng as by universiteite en dit sal jou ook minder uit die sak jaag.

Hou jou opsies oop

Volgens Anne Haveman-Serfontein, 'n voorligtingsielkundige aan die Universiteit Stellenbosch, gaan jou belangstellings dalk heelwat verander van gr. 9 tot die einde van jou skoolloopbaan.

Sy sê dit help soms om net aan breë, tentatiewe moontlikhede of bedrywe te begin dink.

"Vir sommige leerders gee 'n sogenaamde 'veilige vakkeuse' gemoedsrus, soos om byvoorbeeld vakke soos wiskunde en fisiese wetenskappe te neem om die meeste opsies oop te hou," sê sy. "Met lewenswetenskappe by word medies- en gesondheidsverwante opsies ook verder oopgehou."

Sy sê sommige leerders weet al vroeg dat hulle sterk voel oor 'n sekere loopbaan, soos in 'n sake-, kreatiewe - of taalrigting. Dan kan jy vakke daarvolgens kies.

Ander opsies . . .

Wees oopkop oor wat jy ná skool gaan doen, en onthou om universiteit nie as jou enigste studie-opsie te beskou nie.

Net 26,6% van die 2012-matrikulante het universiteitstoelating gekry.

"Die tradisionele akademiese roete is eenvoudig nie vir almal nie," sê Jonathan McGill, die streekdirekteur van Edexcel Suid-Afrika, 'n organisasie wat akademiese, professionele en werkverwante kwalifikasies bied. "Al hoe meer mense sien die voordele van 'n kwalifikasie wat 'n mens regtig voorberei vir die werkplek."

Elane Goosen, 'n dosent aan die AAA School of Advertising, lig 'n paar van die voordele uit wat andersoortige instellings kan bied. Sy sê klasse is dikwels veel kleiner en dat studente dus die nodige aandag kry. Die fokus is dikwels op praktiese kennis eerder op as teorie.

Vega, 'n tersiêre instansie wat onder meer fotografiekursusse aanbied, het kampusse in Pretoria, Johannesburg, Durban en Kaapstad. Volgens Irene Gregory van Vega is dié instansie "op soek na studente wat van die norm wegbreek, wat buite die boks dink en wat nie gewoon is nie".

Vir 'n rigting soos dié het jy byvoorbeeld nie spesifieke vakke nodig om toelating te kry nie, net 'n matriekkwalifikasie.

Gregory meen egter dat vakke wat met entrepreneurskap te make het, soos besigheidstudies, jou sal help, veral as jy eendag jou eie baas wil wees.

- **Bykomende verslaggewing: Mariëtte Sorgdrager.**

deel 5 twiet 0